education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord slegs DRIE vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

1.1 Verduidelik die invloed van apartheid op godsdiensverdraagsaamheid in Suid-Afrika. (15)

1.2 Hoe het dit verander in post-apartheid Suid-Afrika? (15)

1.3 Bespreek die rol van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV/'WCRP'). (20)

**[50]**

**VRAAG 2**

Lees die volgende stellings en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Suid-Afrika hou elke jaar "Sestien Dae van Aktivisme" om die probleem van geweld teen vroue en kinders uit te lig. |

Wat kan die land se verskeie godsdiensorganisasies doen om ook die probleem van geweld teen vroue en kinders te hanteer? Skryf jou antwoord onder die volgende opskrifte:

2.1 Ontleed die huidige situasie met betrekking tot geweld teen vroue en kinders. (10)

2.2 Evalueer die huidige veldtogte. Ondersteun jou antwoord met relevante voorbeelde. (10)

2.3 Watter rol kan die verskillende godsdiensorganisasies speel? Ondersteun jou antwoord met verwysings na normatiewe bronne. (15)

2.4 Gee ten minste DRIE voorbeelde van programme wat gesamentlik deur die regering en godsdiensorganisasies gereël kan word. (15)

**[50]**

**VRAAG 3**

Lees die volgende aanhaling en beantwoord die vrae wat volg:

> "Die 19de-eeuse teorie van biologiese evolusie, 'n wetenskaplike teorie, het 'n potensiële bedreiging vir die Christen se begrip van die skepping van die mens ingehou. Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is."
>
> [Aangepas en vertaal uit: *Shuters Religion Studies Grade 12*, Hofmeyr et al. Bladsy 69]

3.1 Bespreek die verhouding tussen godsdiens en wetenskap. (10)

3.2 Verduidelik die invloed wat Darwin se teorie oor evolusie op die skepping, volgens die Christelike godsdiens, gehad het. (20)

3.3 Bespreek die reaksie van enige (EEN) godsdiens, behalwe die Christendom, op die evolusieteorie. (20)

**[50]**

**VRAAG 4**

Met verwysing na EEN godsdiens van jou keuse, verduidelik die volgende begrippe:

4.1 Kontemporêre inspirasie (20)

4.2 Heilige boeke (20)

4.3 Die hermeneutiese beginsels wat van toepassing is op die normatiewe bronne van die godsdiens wat jy gekies het. (10)

**[50]**

**VRAAG 5**

Bespreek die sentrale leringe van slegs EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

5.1 Aard van goddelikheid (10)

5.2 Aard van die wêreld (10)

5.3 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

5.4 Oorsprong van die bose (10)

5.5 Lewe na die dood (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou